**Donderdag 8 November**

| **Skrifgedeelte: Sagaria 1:1-6** | **Fokusgedeelte: Sagaria 1:3, 4** |
|---|---|

# Ware bekering verg gehoorsaamheid

Koning Kores laat Sagaria en die volk van die Here toe om van die ballingskap in Babel weer na Jerusalem terug te keer (539 vC). Sowat 50 000 ballinge keer met blye verwag-ting na Jerusalem terug, want in Jerusalem is die tempel van die Here … daar waar die Here gewoon het en waar Hy deur sy volk gedien is. Maar in die tyd wat hulle weg was in ballingskap, is die tempel van die Here va al sy kosbaarhede gestroop en het dit ’n bouval geword.

Aanvanklik probeer die volk die tempel van die Here herstel, juis om die Here weer in sy woonplek te aanbid. Hulle loop hulle egter vas teen die vyandigheid van sterker volke rondom hulle. Hulle beleef ’n politieke en maatskaplike oorlewingstryd. Misoeste en droog-tes mergel hulle uit. Toe hulle hul oë uitvee, was 15 jaar verby … en die woonplek van die Here lê nog net soos hulle dit gelos het.

In teenstelling met die woonplek van die Here het die volk ondertussen vir hulleself sterk huise aanmekaargeslaan, ’n toonbeeld van hulle gesindheid en prioriteite in die lewe.

Die Woord van die Here laat Sagaria die volk van die Here oproep tot bekering. Die teruggekeerdes van God se volk het (soos hulle voorouers) skandelik van die Here vergeet en weer van Hom afgedwaal.

Die Here laat Hom nie op so ’n manier dien nie. Die volk moet eers die koninkryk van God en sy geregtigheid soek (sy aangesig in sy tempel), anders gaan hulle verlam bly in hulle uitsiglose, sondige toestand.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)*